

DIE MILITÊRE REWOLUSIE

Prof. Hendrik J. Samuels

'n Radikale verandering:

Dit was nog altyd die prerogatief van die politieke gesag om te besluit wanneer en vir welke doel die dreigement van geweld aangewend moes word om politieke oogmerke te bereik. Maar sodanige besluite was basies gefundeer op professionele militêre advies, en tot betreklik onlangs was politieke leiers gewoonlik bereid om militêre aangeleenthede hoofsaaklik, indien nie uitsluitlik nie, in die hande van die opperbevel te laat.

Tydens die Eerste Wêreldoorlog was daar egter al 'n verandering in hierdie patroon te bespeur en het die legendariese opmerking van die destydse Franse Eerste Minister, Clemenceau, naamlik „dat oorlog 'n te ernstige saak is om oorgelaat te word aan generaals” o.a. gedui op 'n ontwakingsbesef van die noodsaaklikheid om, met die oog op oordcelkundige strategiese beplanning, kragte uit die verskillende terreine saam te trek en in te span.

Dwarsdeur die geskiedenis heen was daar tot op hierdie stadium, onder andere op grond van professionele status, blykbaar nog 'n onoorbrugbare kloof tussen die professionele soldaat en die wetenskaplike. Die soldaat, met sy verhewe status en streng gedissiplineerde agtergrond, was daarop ingestel om feite te aanvaar en, in die woorde van Tennyson, „their's not to reason why, their's but to do and die”, op te tree. Hierteenoor was die benadering van die wetenskaplike nog altyd dié van „waaroms en hoekoms”, en was hy moeilik aanpasbaar in enige konvensionele patroon.

Terwyl die militêre persoon aan die een kant geneig was om die verandering deur die wetenskap teweeggebring met 'n mate van agterdog te bejeën, was daar in wetenskaplike kringe aan die ander kant ook weer die neiging om die intellektuele uitdaging van die basiese wetenskap te verhef bo die formulering en oplossing van die probleme van die toegepaste wetenskap. „Rutherford, who turned the Cavendish Laboratory into the cradle of nuclear physics, is often quoted as having said that his interests were purely scientific, and that he did not believe that his researches into the nature of

the atom could have any practical application”.

Dit was egter eers in die dertigerjare dat daar, in die aangesig van 'n onvermydelike botsing in Europa, 'n opvallende verandering in die houding en die verhouding tussen die wetenskap en die militêre hiërargie ingetree het, en 'n alliansie tussen die twee was inderdaad verantwoordelik vir die militêre rewolusie wat teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog meer pertinent na vore gekom het.

Die inskakeling van die wetenskaplike op militêre gebied en die toepassing van wetenskaplike uitvindings op krygstuig, beide ten opsigte van die verwoestingsmiddel self en die wyse waarop dit vervoer sou word, sou weldra 'n verbysterde mensdom laat besef dat daar ook 'n radikale verandering in die benadering van oorlogsvoering nodig was.

Die ontwikkeling van rewolusionêre krygstuig:

Alhoewel dit (gelukkig!) nie binne die bestek van hierdie referaat val om 'n oorsig te gee van die tegniese besonderhede wat met die ontwikkeling van die moderne krygstuig gepaard gegaan het nie, kan 'n kort oorsig van die rewolusionêre krygstuig en hul operasionele vermoëns egter miskien waardevol wees om 'n beter perspektief te verkry van hul invloed op die inter-nasionale denke.

Die skouspelagtigste gebeure in die proses van die militêre rewolusie in soverre dit die tegniese ontwikkeling van krygstuig self betref, was ongetwyfeld die aanwending van die eerste twee atoombomme deur Amerika in Japan in 1945. As gevolg van die ontwikkeling van 'n tegniek (atoomklowing) om die energie wat in 'n atoomkern opgesluit lê, los te laat is 'n metode van verwoesting ontdek en ontwikkel (die kernbom) wat, volgens Lt.-gen. Arthur Trudeau, hoof van die Navorsings- en Ontwikkelingsdepartement van die Amerikaanse leër, oor genoeg krag beskik om deur een enkele bom dieselfde verwoesting te saai as wat daar gedurende die hele Tweede Wêreldoorlog aangerig was. Wat die wapen self betref, kan gesê word dat dit gekenmerk word deur verblinding, hitte-straling en lugslag. In sy aanwending is die uitwerking oombliklik, dit wil sê waar die uitwerking van konvensionele bombardement geleidelik opbou, is die uitwerking van die kernwapen onmiddellik effektief in sy verwoestende effek.

Dit is interessant om daarop te let dat twee vlugtelingswetenskaplikes, naamlik Peierls en Frisch, wat destyds met professor Oliphant in Birmingham saamgewerk het, reeds in 1940 'n referaat gelewer het waarin hulle 'n teoretiese uiteensetting gegee het van hoe die tegniek volvoer moes word en dat verwag kon word dat die uitwerking van die uitstraling 'n algehele omwenteling in die proses van oorlogvoering sou meebring. Hulle het toe reeds gewaarsku dat dit in alle waarskynlikheid nie moontlik sou wees om ooit 'n effektiewe verweer teen sodanige kernwapens op te bou nie. Toe die aandag van Winston Churchill op die moontlikheid en wenslikheid van die ontwikkeling gevestig is, het hy, volgens oorlewering, opgemerk dat hy persoonlik hoogs tevrede was met die beskikbare krag in chemiese plofstowwe maar dat hy nie in die weg van vordering of ontwikkeling wou staan nie.

Reeds in 1939 en weer in 1940 het wetenskaplikes president Roosevelt geadviseer dat dit noodsaaklik was om die atoombom te ontwikkel omdat „if it could be done at all, this nation could not afford to find itself years behind some other nation”. Amerika het dan ook, in politieke terme, 'n atoom-monopolie vir ongeveer drie jaar geniet toe die mate van sekuriteit wat die besit van die kernwapen vir die Westerse Wêreld ingehou het, verbreek is deur die deurbraak wat die Russe gemaak het.

Tot dusver het Amerika op sy vloot van B-36 swaar bomwerpers staatgemaak om die Atoombom te vervoer, en later ook op sy vloot van „eight-jet B-52's”, maar daar was natuurlik altyd die gevaar van onderskepping. Hulle was derhalwe daarop aangewys om iets soortgelyks aan die V-2 (dit wil sê die ballistiese projektiel van beperkte slaankrag wat die Duitsers gedurende die Tweede Wêreldoorlog aangewend het met 'n trefafstand van 200 myl) te probeer ontwikkel wat die bom as 'n plofkop kon vervoer.

Die ontwikkeling van die H-bom, dit wil sê die waterstofbom, in 1952 en die Russe se deurbraak op dieselfde terrein 'n jaar later, het die dringendheid van geskikte vervoermiddels (wat nie onderskep sou kon word nie) nog meer op die voorgrond gebring. Teen hierdie tyd het die kernkragvolume dit egter al moontlik gemaak om aktiwiteite in verskillende rigtings te stuur: die krag van die bom kon vermeerder word deur die verhouding van krag tot gewig te vergroot, met ander woorde ligter bomme met groter slaankrag. Die verdere ver-

fyning van die proses het kernwapens vir taktiese aanwending voortgebring, sodat die konvensionele artillerie omgeskep kon word tot 'n kernwapen-artillerie.

Trefafstand en akkuraatheid was egter nog die probleme wat oorbrug moes word. Toe kom die deurbraak met die ICBM (die interkontinentale ballistiese projektiel met die waterstof-bom-plofkop) wat Amerika binne die bereik van die Russe sou bring. Gevolglik was die V.S.A. „no longer a sanctuary of the West, resting safely behind the two oceans”.

Gedurende 1957 stuur Rusland sy eerste Sputniks en Amerika sy eerste Atlas op. „The Atlas”, so verwys Canby in *A History of Weaponry*, „operational by 1959, now delivers a 389,000 pound thrust and has a range of over 8,000 miles. Presumably the principal Russian ICBM, the T-3A, has a slightly shorter range but much more thrust and can carry a far larger warhead (a warhead of well over 25 megaton) . . . the Americans have now gone into a „second generation” group of missiles, many of them solid- instead of liquid-propellant, such as the 6,300 mile range Minuteman, or the 1,200 to 3,500-mile range polaris, 16 of which can be fired from a single submerged nuclear-powered submarine”.

Sir Solly Zuckerman, hoofwetenskaplike adviseur vir die Britse Regering, verwys na die Minuteman en Polaris soos volg: „Given it had the endurance, a few years ago it would have taken the fastest aircraft, say, twenty hours to fly from the mid-west of America to Moscow. Today a Minuteman ballistic missile can travel the distance in thirty minutes, and be more certain of finding its target. The technological achievement which the polaris concept implies is even more astonishing, for here the missile is launched on to its ballistic path not from a fixed point on land, but from any one of an infinity of points under the waters. The navigational equipment of the submarine is so precise that at the moment of launch the computing system involved can have fed into it figures which give the exact starting point of the flight-path of the missile. Computers instantaneously do the rest of the calculations, which determine such things as the rate at which the solid fuel motors of the missile burn, and the varying position of the jets necessary to put and keep the missile on to its selected ballistic path. All this came about through vast improvements in liquid and solid fuel technology, through an enormous advance in

inertial navigation techniques based on what were once simple gyroscopes, through a fantastic elaboration of electronic servo-mechanisms devices, and through highly advanced radio techniques”.

Die geweldige ontwikkeling op die gebied van vervoer ten opsigte van afstand en spoed het 'n dramatiese inkrimping in die ruimtetydskaal („timespace scale”) van strategiese denke oor die afgelope dertig jaar meegebring, wat op insiggewende wyse deur Hellmuth Roth („The Organizational Crisis in Nato” in Erickson se „The military-technical revolution”) soos volg geïllustreer word:

„If we imagine a map of Europe measuring 10 by 10 meters, with a scale equal to the marching pace of the foot soldier, we can then appreciate the timespace relationship which restricted military, strategic, and tactical thinking for thousands of years. Naval operations were the first to move faster and over greater areas; with the advent of the steamship our map of Europe would have to measure $3\frac{1}{2}$ by $3\frac{1}{2}$ meters as a basis for naval strategic thinking. This was a first step towards the differentiation in strategic thinking between sea and landpowers. Armored and mechanized units, which greatly influenced the course of the battles of World War Two, would also reduce the map to $3\frac{1}{2}$ by $3\frac{1}{2}$ meters. Military staffs in various countries, as is well known, after World War One encountered a number of difficulties in adopting and evaluating the tank as a fighting vehicle for employment in a future war. This shift in the timespace problem played a major role in the success of the German Blitzkrieg operations in Poland and France. The advent of bomber fleets, which to some extent had a military decisive effect towards the end of World War Two, causes our map of Europe to shrink to some 20 by 20 centimeters. Modern supersonic combat aircraft, which, as carriers of nuclear weapons, may be decisive in future hostilities, turn our map into a miniature picture measuring 25 by 25 millimeters. Finally, the employment of intercontinental missiles would reduce Europe, from the strategic viewpoint, to micro-miniature proportions of 2.5 by 2.5 millimeters”.

Sedert die vroegste eeue het die ontwikkelingsgeskiedenis van krygstuig een belangrike eienskap geopenbaar, naamlik die stryd wat daar ontstaan het tussen 'n aanvalsmiddel en 'n doeltreffende afweermiddel. Vroeër of later het elke nuwe

aanvalsmiddel aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n effektiewe afweermiddel. Klassieke voorbeelde hiervan is die swaard en die skild, die granaat en die gepantserde plaat. Alhoewel nasies nou reeds 'n geruime tyd naarstiglik op soek is na 'n doeltreffende afweermiddel vir die Interkontinentale Ballistiese Projektiel (asook ander taktiese kernwapens), was die pogings, sover bekend, nog sonder welslae.

Deskundiges twyfel of:

- (a) Die soektog na 'n doeltreffende afweermiddel soos byvoorbeeld na 'n Anti-ballistiese Projektiel („ABM”) wat tans aan die gang is, ooit sal slaag. Alhoewel daar natuurlik rekening gehou moet word met die onderliggende strategie van so 'n stelling, is dit nietemin interessant om op te merk dat die Sowjet-Republieke reeds in 1960 verklaar het dat dit buite die vermoë van enige nasie is om 'n effektiewe verdedigingstelsel teen sodanige projektiële op te bou;
- (b) indien 'n stelsel ontwikkel word, of dit ooit teen 'n massa-aanwending van projektiële bestand sal wees; en
- (c) of 'n uitbreiding van (b), dit wil sê 'n grootskaalse ont-plooiing, binne die ekonomiese vermoë van enige land is. Tans bestee Amerika ongeveer 400 miljoen dollar per jaar aan projekte waardeur nog slegs die basiese beginsels van verdediging teen projektiële ondersoek word.

Kern-oorlog en die afskrikkingstrategie:

In die posisie waarin die twee groot moondhede hulle tans bevind, ontstaan die vraag of enigeen dit kan waag om die kernwapen ooit aan te wend, omdat dit noodwendig ook tot sy eie verwoesting aanleiding kan gee. Die woorde van Kroestsjef in dié verband is miskien betekenisvol. Sy stelling was dat indien daar ooit 'n oorlog tussen die groter opponente sou ontwikkel, dan moet verwag word dat geeneen van hulle ooit 'n nederlaag sal aanvaar voordat hy al die middele, insluitende die mees verwoestende kernwapens, aangewend het nie. Hierdie moontlikheid is klaarblyklik een van die redes waarom lande soos Amerika hulle in elk geval begin toerus het met 'n vroegtydige en omvattende waarskuwingstelsel en hulle terselfdertyd inrig om oor 'n voldoende verspreide aantal kernwapens te beskik

met die vertroue dat daar, na 'n eerste aanval, minstens genoeg van die wapens behoue sal bly om 'n terugslaan („second strike”) tog moontlik te maak. In die verband beweer Helmuth Roth („The Organizational Crisis in Nato” *in* Erickson se „The military-technical revolution”): „America had acquired a ‚second strike capability’, the strength of which lay in the practically invulnerable Polaris submarine and the increasing number of Minuteman in underground launching silos”. (Dit is egter interessant om op te merk dat J. S. Butz, die tegniese redakteur van *Acrospace International*, Maart/April 1968-uitgawe, beweer dat waar dit tot nou toe nie moontlik was om kernduikbote op te spoor en derhalwe die aanwending van die Polaris-projektiel te bekamp nie, dit in die toekoms tog moontlik gedoen sal kan word deur die inligting wat van 'n satelliet ontvang word. In dié verband verklaar hy dat „... the first rudimentary experiments with infra-red devices over the ocean have shown that they have a significant capacity for detecting submerged submarines. The main reason for this capacity is that these state-of-the-art devices can measure temperature with an accuracy of one degree Fahrenheit or less from orbit. They can „see” with high accuracy, hot spots, upwelling of warm water, cold currents, or any other temperature discontinuities in the ocean’s surface. Nuclear submarines, especially, are vulnerable to this sort of detection because to cool their reactors they must continuously heat large volumes of sea water. The bubbles in a submerged wake also produce phenomena that can be measured”).

Om egter terug te keer tot die skaakmatposisie. Sou dit dus beteken dat die kernwapens hul werklike militêre bruikbaarheid verloor het? In 'n referaat oor die onderwerp, „Is the Atomic Deterrent a Bluff?” (*in* Erickson se „The military-technical revolution”) verklaar die afgetrede Franse generaal F. O. Miksche: „Possession of such weapons is the only effective atomic defense. Only a military power that has them at its disposal is capable of neutralizing the atomic potential of other powers. The so-called deterrent effect and military significance of these weapons consist then only in deterring the adversary from using his atomic weapons”. Met ander woorde, kernwapens het deel geword van 'n afskrikkingstrategie, en dieselfde strategie was die grondslag vir die NAVO-ooreenkoms.

Generaal Miksche sien egter 'n gevaar in die neutraliseringsfaktor. Eintlik beskou hy dit as die dilemma van die kernwapen vir die internasionale politiek. Volgens hom laat dit slegs die hekke wyd-oop vir 'n „koue oorlog”, iets wat presies in die kraam van die kommuniste pas.

Die militêre rewolusie en die internasionale politiek:

In die Weste word dit algemeen aanvaar dat die militêre rewolusie inderdaad begin het toe die eerste twee atoombomme in Japan ontplof het, dit wil sê in 1945. Nou is dit opvallend dat die Sowjet-Unie hom 17 jaar lank weerhou het van die aanname van hierdie konsep. En die rede hiervoor was dat die Sowjet-Unie bekommerd was oor die skok wat dit vir die kommunistiese politieke en sosiale leerstellinge kon inhou.

In die eerste instansie het die militêre rewolusie 'n terugslag vir die kommunistiese ideologie beteken. Die Marxistiese stelling dat kapitalisme gedoem was omdat dit reeds alle moontlikhede van effektiewe ontwikkeling van produktiewe kragte uitgeput het, is in diskrediet gebring deur die ontdekking en ontwikkeling van kernkrag juis deur die kapitalistiese groep. Toe die konsep dan ook mettertyd opgeneem is, is daar altyd pertinent verwys na die Sowjet se militêre rewolusie in teenstelling met die wêreldbegrip.

Tweedens het daar 'n politieke versperring vir verdere kommunistiese uitbreiding (en eventuele wêreldoorheersing) ingetree as gevolg van die feit dat kernkrag aangepas is vir militêre doeleindes, en oorlog in sodanige vorm derhalwe nie meer 'n gangbare instrument van die politiek sou wees nie.

Verder het die militêre rewolusie nie alleen die moontlikheid van oorlog tussen kapitalistiese state vervaag nie, maar teweens 'n neiging tot nouer samewerking op politieke en ekonomiese gebiede meegebring. Die Noord-Atlantiese Verdrag getuig onder andere hiervan.

Die besit van kernwapens deur die Weste het die kommunistiese leiers verplig om hulle ook te verkry, en juis dit het 'n groot sielkundige gevaar vir hul heerskappy ingehou, omdat dit sou meebring dat 'n sekere mate van vrye denke en inisiatief in hul geledere geduld sou moes word, dit wil sê in die geledere van die bevolking asook die party self. Veral was dit nodig in die leër, omdat die nuwe metode van oorlogvoering

hoë vereistes ten opsigte van inisiatief, selfvertroue en bekwaamheid om onafhanklik op te tree, aan die offisier in besonder en die soldaat in die algemeen, gestel het. Sodanige opleiding of opvoeding kon tot selfstandige denkwyse lei en mettertyd 'n omverwerping van die party se heerskappy meebring. Gevolglik moes daaraan gedink word om die dissiplinêre stelsel in die Russiese gewapende magte te hervorm deur 'n „bewuste” selfopgelegde dissipline in te voer om aldus geleidelik die blindelinge navolging van die verlede te vervang.

Om sy status en leierskap in die kommunistiese blok te behou was dit noodsaaklik om nie 'n agterstand op die wetenskaplike terrein te laat ontwikkel nie. Die probleem van beheer oor wetenskaplikes om te verseker dat hulle hul beste lewer, was natuurlik nie so eenvoudig nie. Blote vreesinboeseming sou nie die verlangde gevorderde tegnologiese resultate lewer nie, en tasbare insentiewe, wat egter nog 'n groter inbreuk op skaarsmiddele sou meebring, was nodig.

Alhoewel sy deurbraak met betrekking tot kernwapens meegebring het dat die Verenigde State nou binne sy trefafstand was, het die moontlike aanwending van interkontinentale projektiële deur Amerika ook beteken dat hy sy kontinentale strategie van die verlede, naamlik om die vyand te vermoei in die dieptes van Rusland of as alternatief die oorlog na Wes-Europa te voer, soos voorheen die geval met Duitsland was, in hersiening sou moes neem.

'n Ander kommer wat die militêre rewolusie en die koms van die kernwapen Rusland besorg het, was die moontlikheid dat Wes-Duitsland op een of ander tydstip die wapens sou bekom. 'n Duitsland gewapen met kernwapenprojektiële sou ongetwyfeld vir hom groot gevare inhou en sy beeld in alle opsigte baie skade berokken, veral as dit weer 'n herenigde Duitsland sou meebring. Skrywers verwys na hierdie vrees by Rusland as „Germanophobia”. Hy sou dus in sy beplanning bereid moes wees om sekere toegewings te oorweeg om hierdie vir hom akute gevaar nie 'n werklikheid te laat word nie.

Terselfdertyd moes hy rekening hou met die opkoms van Sjina en die kompetisie wat dit vir hom sou meebring. Alhoewel hy bereid was om ingevolge die ooreenkoms van 1959 Sjina te help om 'n projektiëlvermoë te bekom, het hy dit egter as 'n duidelike voorwaarde gestel dat enige kernwapens wat daar gehou sou word, onder Russiese kontrole en beheer moes wees.

Sjina was nie bereid om hiertoe toe te stem nie, en omdat hy blykbaar verwag het dat Rusland nie sy woord gestand sou doen nie, het hy besluit om voort te gaan met sy eie atoombomprogram. Toe die eerste verwysing na 'n eie atoombom in Sjina dan ook in die pers verskyn, het Rusland sy wetenskaplikes met alle haas uit Sjina onttrek. Hierdie daad van verraad, soos Sjina dit bestempel het, het ongetwyfeld baie daartoe bygedra om die bande tussen die twee aansienlik te verswak. Peking het dan ook al hoe meer begin aanvaar dat hy op sy eie stoom sou moes voortgaan.

As 'n mens egter die huidige militêre sterkte volgens beskikbare gegewens beoordeel, kan daar met redelike sekerheid afgelei word dat Kommunistiese Sjina nog 'n groot agterstand het en dat 'n uitbarsting tussen die twee nie in die nabye toekoms 'n groot waarskynlikheid sal wees nie. Nietemin bly daar die gevaar vir Rusland dat hy miskien deur Sjina se optrede in Viëtnam en elders in 'n uitbarsting met Amerika betrek kan word, met ontsettende gevolge vir homself.

Die astronomiese bedrae wat by die ontwikkeling van kernwapens betrokke was, moes noodwendig sy uitwerking op die ekonomie van die Sowjet-Unie begin toon, en hiermee moes deeglik rekening gehou word in die formulering van 'n beleid en die beplanning van strategie. 'n Aanduiding hiervan vind ons in Kroestsjef se verklaring voor die Opper-Sowjet (Januarie 1960) toe hy beweer het dat geen vyand dit sou waag om aan te val nie, en dat die Sowjet-Unie dus die grootte van sy leër drasties kon inkort (in elk geval met minstens 'n derde).

Uit die voorafgaande is dit redelik duidelik dat die militêre rewolusie en alles wat dit ingehou het, vir die politieke leiers in Rusland ongetwyfeld groot probleme geskep het, en sommige deskundiges meen dat dit Rusland inderdaad voor die keuse gebring het om of sy kommunistiese ideologie te laat vaar of oor te gaan tot algehele militarisering. Algehele militarisering kan natuurlik die interne ekonomie verder versteur, en gevolglik dui die beleid meer op 'n herstel van konvensionele magte. Hierdeur sal hulle in staat gestel word om die negatiewe strategie (van afskrikking) te vervang met 'n positiewe offensiewe strategie. Binne die raamwerk hiervan word daar dan ook verklaar:

- (a) Dat die besit van kernwapens hulle, as die groot voorstanders van vryheid en vrede, basies in staat stel om die ba-

lans te bewaar (dit wil sê 'n neutraliserende effek teweeg te bring) en aldus die kapitalistiese imperialiste in belang van die wêreld te stuit. Terselfdertyd besef hulle egter terdeë dat die kernwapen geen ander politieke instrument vir hulle kan wees nie en is hulle selfs bereid om kleinere terugslae te aanvaar soos byvoorbeeld die geval in Kuba was. (Intussen is hulle in die aangesig van die gevaar van verdere ekonomiese onstabieleit besig om tog naartiglik te soek na 'n doeltreffende ABM — „Anti-Ballistic Missile” — sodat die kernwapen weer 'n instrument in die hande van die politiek kan word).

Terwyl die Sowjet-Unie ongetwyfeld baie versigtig sal wees om self eerste kernwapens aan te wend, is dit natuurlik nie onmoontlik nie, en moet dit selfs in 'n mate verwag word soos in die geval van lokale oorloë, dat hulle kernwapens, miskien meer in die vorm van taktiese kernwapens, in die besit van sodanige state sal plaas. Terwyl die besluit oor die aanwending van sulke wapens by 'n ongebalanseerde en onverantwoordelike regeerder van 'n onstabiele staat mag berus, kan dit vir verantwoordelike bure ongetwyfeld groot gevare inhou. (Of die Sowjet-Unie maklik sover sal gaan, sal die tyd nog moet leer. In elk geval beklemtoon dit die noodsaaklikheid van 'n besondere effektiewe inligtingsdiens. Aan die ander kant is daar egter gelukkig ook aanduidings dat die hoofde van sodanige onstabiele state 'n vrees koester dat 'n sterk binnelandse militêre mag die regering mag omverwerp).

- (b) Dat beperkte of lokale oorloë nog, binne die raamwerk van die huidige omstandighede, moontlik is. Dit is egter duidelik dat hulle nie met onverskilligheid direk sal toetree nie veral as daar die minste gevaar is dat dit kan oorgaan in 'n toestand van algemene oorlog.

„Increased logistic support, provision of Soviet military equipment, stepped-up military training of local personnel to man it, and perhaps even the use of volunteers, especially in certain specialist categories such as crews for air defense missile launchers are some of the ways, not without precedent at various times and places in the past, by which the Soviet Union might take a more vigorous „proxy” hand in conflict at the local level without becoming directly and formally involved in a situation that could lead to a

great power confrontation". (Thomas Wolfe: „Trends in Soviet Thinking on Theater Warfare”).

- (c) Dat vryheidsoorloë („liberation wars”) noodsaaklik is; en gevolglik het hy openlik steun in dié opsig belowe. Die aard van die steun sal hoofsaaklik van die besondere omstandighede afhang. Die lokale politieke klimaat en in besonder die mate van sukses wat die inheemse opstandelinge ondervind, sal bepaal of verdere direkte en openlike militêre steun verleen sal word.

Toestande moet egter ryp wees sodat persone die noodsaaklikheid van stryd en die wenslikheid van opstand kan beseef. As die toestande natuurlik nie reg is nie, moet daar op subtile wyse voortgegaan word om dit te verhaas.

Die feit dat soveel state sonder opstand onafhanklikheid verkry het in die afgelope jare en dat kolonialisme vinnig besig is om iets van die verlede te word, ry hulle egter in die wiede, want nou het ekonomiese verpligtinge omgeswaai na ekonomiese afhanklikheid, 'n terrein waar die kommunisme nie 'n blywende bydrae kan maak nie.

Rusland is derhalwe vinnig besig om sy vroeëre „politieke” flater naamlik die inkrimping van sy konvensionele magte, reg te stel, en hy glo dat die daarstelling van imponerende magte weer sy politieke beeld sal regstel. Of hulle ooit werklik daartoe sal oorgaan om sodanige konvensionele magte aan te wend, is natuurlik 'n ander vraag, en in dié verband verklaar John Thomas: („The Role of Missile Defense in Soviet Strategy and Foreign Policy” in Erickson se „The military-technical revolution”) dat „the Soviet Union has generally sought after the world *status quo* without directly employing its own military forces . . . Hence from their point of view, the primary function of Soviet military power today is to deter the „imperialists” and to prevent them from engaging in „military adventurism” in response to revolutionary trends in the world . . . this power is to serve as a shield behind which Soviet-backed communist subversion, aimed at a direct communist take-over, can be carried on, or, at minimum, non-communist activities, eroding the Wests' position, can be encouraged even if they do not immediately result in direct Soviet benefits”.

„The objective of military strategy is the creation by military means of those conditions under which politics is in

a position to achieve the aims it sets for itself". (Raymond Garthoff: „Military Power in Soviet Policy" in Erickson se „The military-technical revolution").

Indien nodig, sou dit hulle egter in staat stel om 'n spoedige besetting van Europa te bewerkstellig en hulle sodoende isoleer van moontlike hulp deur Amerika. Die volkere van Europa kan dan inderdaad as gyselaars gehou word om 'n atoom-aanval af te weer.

Wat die demokratiese Weste betref, het die militêre rewolusie ongetwyfeld 'n sterk alliansie bewerkstellig soos bewys deur die Noord-Atlantiese Verdrag van 1949. Hiervan sê David Rees („Towards the McNamara Doctrine" in Erickson se „The military-technical revolution") „... the most important development of the classic period of containment was the formation of the North Atlantic Treaty Organization. This after all has been the most important self defence arrangement among the Western Allies in the last twenty years... The alliance's crucial guarantee, it may be recalled is... „an armed attack against one or more member states... shall be considered an attack against them all..." In President Johnson's own words „Nato has moved from being a treaty to a command to a great international organization". Generaal André Beaufre (*Deterrence and Strategy*) sê dan ook: „It (the Atlantic Alliance) has perhaps been our salvation and is the keystone of the deterrence equilibrium in the present day world... the Atlantic Alliance as a strategic entity will be basic to our security for a long time to come".

Alhoewel die Atlantiese Verdrag die gevaar van die aanwending van kernwapens teen die Weste aansienlik bekamp het, het die militêre rewolusie aan die ander kant egter meegebring dat daar te veel waarde geheg is aan die sogenaamde neutraliteitsposisie en, net soos in die geval van Rusland, aanleiding gegee het tot sekere „politieke" flaters. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is die Britse Witskrif van April 1957, wat 'n hersiening van die hele karakter van die Britse gewapende magte ingehou het en 'n wegbreek van die konvensionele krygstuig aan die hand gedoen het. Die ervaring van Brittanje sedert 1957 het duidelik getoon dat hulle veronderstellinge voorbarig was, en gevolglik het hulle in die posisie beland dat hulle in 1965 militêre vliegtuie van oorsee moes aankoop.

Die gevare verbonde aan die verwaarlosing van konven-

sionele magte en krygstuig het veral na vore gekom in die oorlogvoering in Korea en Viëtnam. Alhoewel daar hier aan die vyandelike kant 'n afwyking van konvensionele oorlogvoering plaasgevind het, naamlik dat daar met guerilla-oorlogvoering te kampe gekry is, het dit die noodsaaklikheid van konvensionele krygstuig nog meer geaksentueer.

Sedertdien het dit vir die Weste dan ook duidelik geword dat beperkte oorloë òf binne enkele dae beslis sal moet word òf dat daar op 'n redelike langtermyn guerilla-oorlogvoering ingestel sal moet word.

Die gevaar vir die Weste bly ongetwyfeld meer hul ekonomiese voorspoed en die persoonlike belange wat hiermee saamgaan — 'n euwel wat seker dikwels uit 'n demokratiese stelsel voortspruit as gevolg van 'n gebrek aan behoorlike dissipline. Ekonomiese voorspoed het die neiging om toe te laat dat toestande ontwikkel wat later selfs aanleiding gee tot insinking en die gebrek om te onderskei tussen wat werklik belangrik is vir die behoud van die Westerse beskawing en wat minder belangrik is. Ekonomiese voorspoed is natuurlik baie wenslik vir interne stabiliteit, maar aan die ander kant kan dit die politieke denke sodanig beïnvloed dat sterk positiewe optrede mettertyd kenmerkend ontbreek, en dit veral kan in die geval van 'n koue oorlog natuurlik noodlottig wees.

Die militêre rewolusie en die R.S.A.:

Omdat Suid-Afrika in die verlede, as gevolg van die besondere omstandighede, in 'n groot mate van die krygstuig van die Westerse moondhede gebruik gemaak het, en sodanige krygstuig wat hy vir opleiding in vredestyd benodig het, vryelik kon aankoop, was daar geen daadwerklike behoefte om 'n omvattende krygstuignywerheid te ontwikkel nie. Die militêre rewolusie en die denke van 'n veranderde wêreld het egter Suid-Afrika gekonfronteer met 'n toestand waar hy genoodsaak was om onmiddellik na homself te moes kyk om effektiewe militêre paraatheid op 'n blywende grondslag te verseker.

Gelukkig het Suid-Afrika op industriële gebied nie agter gebly nie. Die totstandkoming en uitbouing van onder andere 'n eie staalnywerheid (Yskor) en die geweldige stimulus wat dit aan die nywerheid in die algemeen besorg het, het reeds die grondslag vir 'n krygstuignywerheid gelê wat slegs aangepas

en ingeskakel moes word om in die spesifieke behoeftes te voorsien. Sy wetenskaplikes en nyweraars het reeds getoon dat hulle beslis opgewasse was om ook hierdie uitdaging die hoof te bied, en dit was basies net nodig om die potensiaal doelgerig te ontwikkel.

In 1964 is daar dan ook die belangrike stap deur die Regering gedoen om by wyse van wetgewing 'n Krygstuigraad daar te stel, wie se taak dit sou wees om onder andere die nodige in dié verband te doen en verder in die algemeen verantwoordelikheid te aanvaar vir die voorsiening van die nodige krygstuig.

Omdat dit egter nie in landsbelang sal wees nie, kan daar nie besonderhede verstrekkend word van krygstuig wat nou reeds in die R.S.A. vervaardig word nie. Die vordering wat gemaak is, is egter sodanig dat dit reeds sekere Westerse nasies laat besef het dat dit nie moontlik is om Suid-Afrika deur wapenboikotte te isoleer nie.

Met die daarstelling van 'n Krygstuigontwikkelings- en vervaardigingskorporasie gedurende die afgelope sitting van die Parlement, het die wêreld verder kennis geneem van Suid-Afrika se besliste voornemens om sy militêre paraatheid nie langer aan die wel en wee van ander nasies oor te laat nie.

Intussen is 'n eie vliegtuignywerheid met verbasende welslae gevestig. Ook op die gebied van skeepsbou is 'n belangrike deurbraak reeds gemaak.

Die aansienlike vordering wat daar gemaak is om Suid-Afrika slag gereed te kry, was in 'n groot mate te danke aan die finansiële vermoë van die land wat uit sy gesonde ekonomiese groei gespruit het. Aan die ander kant natuurlik is militêre paraatheid die fondament vir interne stabiliteit waarsonder ekonomiese krag geen betekenis sou hê nie.

As gevolg van die interne stabiliteit wat deur die militêre paraatheid van die land verseker is, kon Suid-Afrika 'n sterk positiewe uitwaartse beleid begin volg onder andere deur hulpverlening op 'n gesonde grondslag, en hierdie beleid begin reeds tekens toon van neutralisering van kommunistiese aksie teen Suid-Afrika. 'n Afsydige Westerse wêreld begin selfs kommer toon dat Suid-Afrika dalk, as gevolg van hulle houding, in die toekoms neutraal mag bly, en vanweë sy strategiese belangrikheid kan dit natuurlik vir die Weste baie groter probleme inhou as dié wat volgens hul mening tot hiertoe kon

ontstaan as gevolg van die handhawing van positiewe vriend-
skaplike verhoudinge!

BRONNE

- Canby, Courtlandt: A history of weaponry. (The new illustrated library of science and invention). London, 1964.
- Beaufre, Gen. André: Deterrence and strategy. London, 1965.
- Butz, J. S.: New era in reconnaissance in *Aerospace international*, Maart—April 1968.
- Erickson, John, *samst.*: The military-technical revolution. London, 1965.
- McCutcheon, G. H.: Science and the soldier in *Army quarterly*, voc. LXXXX, April—Julie 1965.
- National Strategy Seminar: Asilomar, 1960. Proceedings.
- Pokrovsky, Gen. G. I.: Science and technology in contemporary war. London, 1959.
- Schelling, Thomas C. and Halperin, M. H.: Strategy and arms control. New York, 1961.
- Schelling, Thomas C.: Arms and influence. 1966.
- Zuckerman, Sir Solly: Scientists and war. London, 1966.